

29 Augustus

Skrifgedeelte: 1 Petrus 4:7-19

Fokusgedeelte: 1 Petrus 4:13

Lyding herinner ons aan ons komende blydschap

Die apostel Petrus skryf aan gelowiges wat onder die vervolging van die wêreld werklik swaar gely het. Hy bemoedig hulle om bly te wees oor hierdie lyding. Daar kan net een motivering hiervoor wees, naamlik: as 'n gelowige ly, het hy/sy aan die lyding van Christus gemeenskap.

Hoe kan 'n mens ooit aan die onuitspreekbare lyding van Christus deel hê? Hierdie gemeenskap aan Christus se lyding beteken nie dat ons ook God se straf moet dra nie, intendeel, ons ly as God se kinders wie se straf klaar gedra is. Ons behoort aan Christus en daarom haat die wêreld ons net soos hulle ook ons Meester haat. So kry ons dan deel aan die lyding van Christus deurdat ons as sy eiendom ook in die wêreld moet ly vir die geregtigheid.

Hoe swaarder die lyding egter word, hoe duideliker wink die komende blydschap. Hoe duideliker die komende blydschap teen my lyding afgeëts word, hoe meer groei ek om selfs bly te wees in my lyding. Dink net hoe soet hierdie komende blydschap gaan wees as ons op aarde daarvoor moes ly. Dink net hoe word die wêreld en die ryk van die duisternis beskaam as gelowiges bly is as hulle deel het aan Christus se lyding. Die kerkgeskiedenis getuig ook daarvan!

Daarom is 'n gelowige se lyding nie 'n saak van hartseer nie, ons lyding herinner ons dat ons werklik aan Christus behoort en daarom ook aan sy heerlikheid en blydschap deel sal hê.

Sing: Psalm 118:6, 7 (Totius)

Ds. RA Bain (Cachet)